

W.8 KARIBAVARING/KARIBA WEED

(*Salvinia molesta* Mitchell)

Familie: Salviniaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Die Karibavaring is 'n klein, groen tot geelgroen, vrydrywende varing. Hul dun horisontale stingels dra pare ovaalvormige blare, wat op die punte ingekeep is en waarvan die breedte tussen 10 en 60 mm varieer. Die blare kan nie nat word nie en het 'n fluweelagtige voorkoms as gevolg van 'n digte haarbedekking. Elke haar het 'n baie klein kou-agtige struktuur aan die punt. Lugblasies word deur hierdie haartjies vasgevang en dit hou die plant drywend. Die blare van jong plante is groen, langer as wat hulle breed is en lê feitlik plat, terwyl by ouer plante, wat in digte matte groei, die blare geelgroen tot bruin is, breër as wat hulle lank is en neig om toe te vou. Aan die onderkant van elke paar drywende blare hang 'n derde, sterk gewysigde

blaar wat in talle fyn veervormige, wortelagtige deeltjies van 50 tot 250 mm lank verdeel is. Trosse ronde, steriele vrugdraende liggame, omtrent 1 mm in deursnee, kan soms op hierdie wortelagtige blare voorkom. Die Karibavaring plant slegs vegetatief voort en regeneer maklik uit klein fragmente wat 'n groeipunt bevat.




Verwante spesies

Die Karibavaring was voorheen verkeerdelik as *S. auriculata* Aubl. geïdentifiseer.

Slegs een *Salvinia*-spesie kom in Suid-Afrika voor. Die vermoede bestaan dat dit inheems in Suid-Amerika is en moontlik 'n basteroorsprong het. 'n Tweede spesie, *S. hastata* Desv., kom natuurlik in die laer Zambesi- en Shireriviere voor. Dit lyk soos die Karibavaring maar die hare op die blare eindig nie in kou-agtige strukture nie. Die genus *Salvinia* met sowat 10 spesies, is hoofsaaklik van Suid-Amerikaanse oorsprong.

Verspreiding

Die Karibavaring is tans een van die lastigste wateronkruid wat wydverspreid in tropiese en subtropiese lande soos Indië, Maleisië en in Australië, sowel as in lande in Afrika soos Kenia, Zambië, Zaïre, Zimbabwe, Angola, Mosambiek, Oos-Capriwi, Botswana en Suid-Afrika voorkom. In Suid-Afrika word dit in Transvaal, Natal, die suid- en suidwestelike Kaap aangetref. Die mens is verantwoordelik vir langafstandverspreiding terwyl waterstrome, wind, vloedwaters, diere en skeepvaart vir kortafstandverspreiding verantwoordelik is.



Ekologie

Karibavaringplante kan in gunstige toestande hulle massa binne 4 tot 10 dae verdubbel. Die spesie is vir die eerste keer in Mei 1959 in die Karibameer opgemerk. Drie jaar later was 1 003 km² van die wateroppervlak met die onkruid bedek. Digte matte word in gebiede wat teen golfbewegings beskut is, gevorm, veral waar halfondergedompelde voorwerpe 'n ankerplek verskaf. Die plante groei vinniger wanneer die temperatuur tot 36 °C styg. Die Karibavaring is vir kort tydperke teen souttoestande bestand. Matige ryp maak nie die plante dood nie, maar word wel daardeur beskadig.

Belangrikheid

Matte van die Karibavaring wat tot 0,5 m dik of dikker is, kan damme, klein mere, riviere en kanale verstop en kan die opbou van organiese afval bevorder wat lae suurstofpeile en swak watergehalte tot gevolg het. Digte massas van die onkruid belemmer bootvaart, hengel en ander ontspanningsaktiwiteite en verskaf boonop broeiplek vir malaria- en bilharziadraers.

Kleiner matte van die plant kan egter voordelig wees omdat dit 'n habitat, geskik vir 'n toename in dierelwe, veral voëls en insekte, verskaf. Die Karibavaring absorbeer oortollige voedingstowwe doeltreffend wat dan maklik saam met die plante uit die water verwyder kan word.



Wetgewing en beheer

Volgens Proklamasie 252/1956 (Staatskoerant 2002/2 Nov. 1956) van die Wet op Onkruid No. 42 van 1937, is die Karibavaring dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika 'n verklaarde skadelike onkruid. Vir beheermaatreëls raadpleeg Steyn, Scott, Ashton & Vivier (1979).

Opmerking

Die genusnaam *Salvinia* is vernoem na Antonio Maria Salvini (1633-1729), Professor in Grieks te Florence; *molesta* = lastig.

Spesienommer: 0000.210-00100

Literatuur

- EDWARDS, D. & THOMAS, P.L. 1977. The *Salvinia molesta* problem in the northern Botswana and eastern Caprivi area. *Proc. 2nd National Weeds Conf. S. Afr.* pp. 221-237.
- FORNO, I.W. & HARVEY, L.L.S. 1979. The occurrence of *Salvinia molesta* in Brazil. *Aquatic Botany* 6 (2): 185-187.
- JACOT GUILLARMOD, A. 1977. Some water weeds of the Eastern Cape Province - III. *Salvinia*. *East. Cape Nat.* 62: 10-13.
- JACOT GUILLARMOD, A. in STIRTON, C.H. (ed.) 1978. Plant invaders - beautiful but dangerous. Cape Town: Dept. of Nature and Environmental Conservation of the Cape Provincial Administration.
- MITCHELL, D.S. 1970. Autecological studies of *Salvinia auriculata* Aubl. Ph. D. thesis, University of London.
- MITCHELL, D.S. 1972. The Kariba Weed: *Salvinia molesta*. *Br. Fern Gaz.* 10: 25-252.
- SHELPE, E.A.C.L.E. 1961. The ecology of *Salvinia auriculata* and associated vegetation on Kariba Lake. *Jl. S. Afr. Bot.* 27(3): 181-187.
- STEYN, D.J., SCOTT, W.E., ASHTON, P.J. & VIVIER, F.S. 1979. Guide to the use of herbicides on aquatic plants. Technical Report No. TR 95. Pretoria: Department of Water Affairs.
- WILD, H. 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.